

Fakulteit van Ingenieurswese

RIGLYNE VIR DIE AANWYS EN GOEDKEURING VAN EKSAMINATORE VIR MScIng STUDENTE

(LL/10 Okt 2006)

Die volgende dien as riglyne vir die aanwys en goedkeuring van eksaminatore vir MScIng studente.

1. Die eksamenkommissie vir die evaluering van MScIng-tesisse en opgraderings-aansoeke vir MSc na PhD grade moet as volg saamgestel word:
 - a. onafhanklike voorsitter van die eksamenkommissie (nagraadse koördineerder of senior dosent aangewys uit dagbestuur);
 - b. minstens een interne eksaminator, en
 - c. minstens een eksterne eksaminator, **of**
 - d. twee eksterne eksaminatore in plek van b en c.
2. Die interne eksaminator kan enige permanente of tydelike personeellid aan die Universiteit van Stellenbosch wees.
3. Buitengewone professore of dosente, asook emiritus professore en dosente kan dien as interne eksaminatore (hulle mag nie dien as eksterne eksaminatore nie).
4. Ten minste een van die interne of eksterne eksaminatore moet oor 'n voorgraadse of nagraadse ingenieurskwalifikasie beskik (onthou MScIng word toegeken).
5. Beide eksaminatore moet op die stadium wanneer hulle aangewys word oor 'n hoër kwalifikasie as die kandidaat beskik, indien nie moet nog een aangewys word.
6. Daar moet ten alle tye gepoog word om eksaminatore aan te wys wat kenners is op die spesifieke vakgebied wat ge-eksamineer word.
7. Eksaminatore word voorgestel deur studieleiers (**wat vooraf sal bepaal of hy/sy beskikbaar is**) en aanbeveel deur Departementele Vergadering/Departementele Bestuurskomitee wat dit na die Fakulteitskomitee stuur vir aanbeveling na Fakulteitsraad.
8. Interne en eksterne eksaminatore moet onafhanklik wees, en mag nie by die beplanning en uitvoering van die navorsing van die kandidaat betrokke gewees het nie.
9. Indien daar afgewyk word van enige van die riglyne hierbo of die Universiteit se reëls in die Algemene Jaarboek, moet die Fakulteitskomitee die betrokke eksaminator/e goedkeur.
10. Eksaminatore word amptelik ingelig oor hulle aanstelling deur die Fakulteitsekretaris.
11. Daar mag onder geen omstandighede tydens die eksamineringsproses kommunikasie tussen kandidaat, studieleier/mede-studieleier en die eksaminatore plaasvind nie. Die kandidaat word ook nie ingelig oor wie sy eksaminatore is nie.
12. **Daar moet gepoog word om eksaminatore aan te wys wat teenwoordig kan wees by mondelinge eksamens.**